Speech: Petrus Bosman, Director: JC Bosman Boerdery

Adama Appollo land reform launch

Swart Ekonomiese Bemagtinging is deel van besigheid in Suid – Afrika, net so ook is grond hervorming in Landbou. Dit kan nogal 'n uitdaging wees veral as dit kom by ou familie boerdery.

Die Adama projek het hierdie uitdagings omskep in wonderlike geleenthede wat ek graag wil deel met u vanaand.

260 Permanente plaaswerkers, wie vanaand hier verteenwoordig word deur die plaas komitee, het besluit om saam te groepeer en om die Adama Appollo Trust tot stand te bring waarvan almal begunstiges is.

430 hektaar grond is ingesluit by die projek waar die Trust n 50% aandeel bekom het.

Dit sluit onderandere in die De Rust plaas wat 3 jaar agtereenvolgens VinPro Wingerdblok kompetisie gewen het. Nie net produseer die' plaas uitstekende kwaliteit druiwe nie, maar kwalifiseer al die druiwe nou Fairtrade akkreditasie en kan n meer gediffirensieerde mark bedien.

Die projek sluit ook in die De Bos plaas in Hemel en Aarde Vallei wat vanjaar sy eerste gesogde koelklimaat druiwe produseer met heelwat ontwikkelings potensiaal. Die plaas spog ook met grondves status en huisves n reuse spektrum van variteite in sy klonetuin.

30% Aandeel in die Bosman Family Vineyards se kelder op Lelienfontein wat in sy eerste jaar reeds wyne van top gehalte produseer, ons is baie trots en is ook gepas om te noem dat die jong Adama versnit van Shiraz laasjaar goud by Juliet Cullinan Connoiseurs Awards gewen het en derde beste wyn algeheel in Suid–Afrika.

5% Aandeel in die Boerdery wat Lelienfontein Wingerdkwekery bedryf, Afrika se grootste wingerdstok kwekery.

Hieruit is dit duidelik dat die hoof fokus van die projek grond hervorming waar deur die begunstiges ook toegang kan kry tot die volledige waardeketting van die wynbedryf; van die kweek van die wingerdstokke tot die wyn in die glas.

Ek wil graag n paar spesiale bedankings doen:

- Eestens vir ons hardwerkende plaaskomitee. Dankie vir al jul opoffering. Dink baie het al vergeet hoe ons twee jaar gelede begin het met sessies na werk deur Sewende laan.

- Die goeie ondersteuning en reuse bydrae van Dept Grondsake. Jimmy, Lionel, Erika en Zenobia, ons het uitstekende diens ontvang.

- Iaan Olkers van Agri Expert vir die fasilitering tussen Grondsake en die begunstiges.

- Frans van Wyk en Tertius Bruwer van PWC vir die stategiese insette en help met die somme maak.

- Marne Bronn en Chemus Taljaard vir reuse taak met al die regswerk en belasting advies.

Wat ADAMA onderskei van baie ander projekte is dat dit nie net n projek is nie maar n vennootskap! U mag vra wat die verskil is.

Na 24 maande kom die projek vannaand tot sy einde.Maar vir die Bosman Adama vennootskap is dit n reuse inspuiting vir n verhouding wat eintlik al generasies gelede begin het. Daar's nog n opwindende pad wat voorlê.

Nou in n vennootskap is dit baie belangrik om die regte vennote te hê, dit moet mense wees wat jy goed ken, op wie jy kan vertrou en wat n bydrae tot die besigheid kan maak.

Die begunstiges is plaas werkers met n lang en getroue diens termyn. Meeste al vir baie jare en sommige families vir generasies. Dink maar net aan die ou families van Lelienfontein wat alreeds saam met my oupa se oupa gewerk het.

Ten spyte dat die boerdery oor die jare gegroei het word dit nou meer as ooit op n vertrouens basis bestuur. Almal weet waar hul hul kant kan bring.

(Die aand voor my troue breuk daar n jong man in my cottage dit was nie lank nie meer as tien man was agterhom aan, deur n paar plase tot die polisie uiteindelik die boef betrap het. Hy het met niks weggekom nie.)

Wat my die meeste opgewonde maak is die bydraes wat gemaak kan word deur ons nuwe mede eienaars. Ons sit met n skatkis vol talent wat hopelik, nie net n reuse bydrae op die plaas maak nie, maar kan ook vir die wynbedryf in Suid–Afrika oor die volgende paar jaar.

Daarom wil ek afsluit deur te sê ek kan nie aan n meer perfekte vennoot dink as 260 van ons eie plaaswerkers nie en sien uit om nou die nuwe geleenthede saam met hul te benut.